

# Les 31

Johannes 13: 1 - 38

## 1. Inleiding

Hier in die vierde evangelie is ons gewoon dat 'n teken gedoen word, en dan met 'n diskoers deeglik uitgepak en verduidelik word. Maar hier in die laaste gedeelte, werk dinge andersom. Jesus gaan nou eers verduidelik wat gaan gebeur. Wat gaan gebeur is natuurlik die kruisiging gebeur. So as 'n mens logies daarvoor dink, dan maak dit heeltemal sin dat Jesus die mense inlig oor wat gaan gebeur voor Hy nie meer daar is nie.

## 2. Jesus was voete.

Die gebeure rondom die voetwas episode word gewoonlik in twee rigtings ontpak. Eerstens simboliseer dit geestelike reiniging. En tweedens word dit die standard vir nederige Christelike diens aan 'n medemens. Daarom kan ons sê dat die voetwas gebeure sakramenteel of moralisties geïnterpreteer kan word.

Die duiwel in die hart van Judas in vers 2 openbaar vir ons ietsie van wat agter die skerms gebeur. Duidelik moes die kruisiging van Jesus plaasvind of Judas daarin 'n rol speel of nie. Op die einde gaan dit oor die Vader se liefde vir ons as sondaar mense. En dan van vers 4 af begin Christus die voete was.

Om die kultuur rondom voetwas te verduidelik die volgende: In 'n bekende verhaal, toe Rabbi Ismael eendag uit die sinagoge teruggekeer het huis toe en sy ma sy voete wou was, het hy geweier op die grond dat die taak te afbrekend was. Sy het die saak na die rabbynse hof gebring op grond daarvan dat sy die taak, in sy geval, as 'n eer beskou het

Jesus deur Sy bokleed te verwyder selfs die kleredrag van 'n onbelangrike slaaf aangeneem. Laastens mag ons redelikewys afvra of die Christelike gemeenskappe wat voetwassery as 'n Christelike sakrament beoefen in ooreenstemming met die doop en die Nagmaal hierdie gedeelte beter verstaan het as diegene wat vind dat hulle nie voetwas tot op dieselfde vlak kan verhef nie?

## 3. Jesus voorspel sy verraad

Jesus voorspel Sy bedrieër as iemand wat van Sy brood eet. Hierdie brood kan getrou aan die taal in die Johannes evangelie as beide fisiese brood, of natuurlik die brood van die lewe beskou word. Want hierdie brood wat daar genuttig word is natuurlik presies dieselfde fisiese brood waarmee Christus later die nagmaal sou instel.

Hoewel Hy op die punt staan om verraai te word, is Jesus nie 'n hulpelose slagoffer nie. Selfs die verraad van Judas kan slegs op die verlossingsdoel dien van die sending waarop Jesus gestuur is. Hier verduidelik Jesus aan sy dissipels dat die rede waarom hy hulle van die dreigende verraad vertel, is dat as dit wel gebeur, hulle sal glo dat dit Hy is. In die geval het die dissipels dit moeilik gevind om met die kruis te verstaan; hulle sou dit waarskynlik onmoontlik gevind het sonder hierdie voorbereiding.

## 4. Petrus se verraad

Nou met Judas uit die weg lyk dit uiteindelik of almal aan boord is vir wat voorlê. Maar dan sien ons vir Petrus. Petrus praat nie so seer uit boosaardigheid soos uit verwarde toewyding nie wanneer hy sê: "ek sal my lewe vir u aflê." Al vier die Evangelies rapporteer die protes van Petrus dat hy bereid is om te sterf. Die skrywe dat hy sy Heer nooit sou ontken nie, selfs tot op die punt van die dood, tog vertoon dit tragies nie net growwe onkunde oor menslike swakheid nie, maar ook 'n sekere hoogmoedige onafhanklikheid, wat die oorsprong van die ontkenning is.

Ongelukkig is goeie bedoelings in 'n veilige kamer na lekker kos baie makliker as in 'n donker tuin met 'n vyandige skare. Op hierdie punt van sy bedevaart oortref Peter se voornemens en selfevaluering sy krag baie. En so spreek Jesus die noodlottige voorspelling uit: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, die haan sal sekerlik nie kraai voordat jy My drie maal verloën het nie.

## 5. Teks met teks vergelyking

1. Jesaja 49:3
2. Psalm 41:9
3. Mattues 5:43 - 47
4. Galasiërs 4:19
5. 1 Timoteus 5:10

## 6. Vrae

1. Wat is u gedagtes oor 'n publieke voetwas ritueel?
2. Is daar dalk 'n ander ekwivalent vir voetwas vandag?
3. Is die boodskap in hierdie gedeelte moralisties of geestelik?
4. Hoe lyk 'n nederige benadering tot Christus se verlossingswerk?
5. Verduidelik hoe die moeilikheidsgraad van geloof uitlewing verander na gelang van jou omgewing.

## 7. Bronne

1. Carson, D. A. (1991). The Gospel according to John (p. 389). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.